



# S.A. BRAFORD

## Newsletter/Nuusbrief

S.A. BRAFORD  
Society

Volume 19, Issue 1  
July 2010

[www.braford.org.za](http://www.braford.org.za)

Nelson Mandelarylaan 124, Westdene, Bloemfontein, 9301

### Voorwoord van die President—Mnr. Wessel Wessels

Fellow Braford breeders and Braford friends,

It is a huge privilege to write the introduction to our first newsletter of the newly elected board. Hierdie nuusbrief sal alles vervat wat die nuwe raad vir die jaar beplan en ook antwoorde op algemene vrae. Die belangrikste aksie sal sekerlik die bemerking van die ras wees. Daar het ons 'n bekwame span wat die program vir die jaar gaan lei. Die Ras sal meer sigbaar en hoorbaar in die media wees. Die teelplan wat gegrond is op die Grondwet is volledig in werking. Daar sal ook van nou af laat geboorte en herinstelling boetes gehef word. Elke saak sal met meriete beoordeel word. Ek versoek die lede om die vrymoedigheid te hê om raadslede te kontak as daar onsekerheid is oor enige saak.

Daar is tydens die Algemene Jaarvergadering gevra dat die koste struktuur van F1-diere ondersoek moet word. In die begroting vir volgende jaar, sal die fooi verlaag word om meer diere op die stelsel te registreer.

Die daarstel van 'n kommersiële register is ook bespreek en Mnr Johan Olivier (Rasbestuurder: Brahman) sal met "Breedplan" kontak maak om dit te implimenteer. Kommersiële telers sal sodoende betrek word. 'n Versoek om sg. "briekwa" diere hoër as die huidige F2 vlak op te neem, is bespreek en die Raad het daarteen besluit.

'n Suksesvolle keurderskursus is aangebied, die besonderhede en uitslae verskyn in hierdie nuusbrief. A successful Society lies in the active participation of its members. I therefore call upon our members to be active and support the Board by giving input that can build our Society for the future. The Board has the task of improving the breed and to support the members.

A sincere word of thanks to Mrs Charlotte Schuite and Carien Storm for their commitment to the breed, the Society and the Board. Charlotte, thank you for the successful board meeting and function held on the 25<sup>th</sup> of June 2010 at Irene.

I bid every Braford breeder a prosperous year, and a good demand for our cattle!

Braford regards

Wessel Wessels

Chairman: S.A. Braford Society



### In die uitgawe:

Voorwoord—President Mnr. W. Wessels.	1
AJV-2010 AJV-2011	2
Brafords in Namibië Harro Kebbel	2
Karkas Wenner - David Nowlan	3
Beefbreeding in S.A. Die Braford	4
Braford Keuring en Kursusse	5
Ermelo Veiling	5
Kommersiële Basis	5
Bemerkingsverslag: Carl en Carien	6
Nampo 2010	7
Vleisproduksie - Gustav Hinze	7
Aldam Sockman School	8
Breedplan Kompetisie	8
Braford Veilings - Die kalender 2010	8

## Braford Algemene Jaarvergadering—2010 en beplanning vir 2011 Vergadering

Die Braford Algemene Jaarvergadering 2010 te Pietersburg was baie suksesvol en die opkoms verrassend. Die Braford boere het lekker saam gekuier en Kommersiële boere uit die omgewing sowel as potensiele Telers uit ander dele van die land het die verrigtinge bygewoon. 'n Hartlike woord van dank aan die Schulenburg familie vir die voorbereiding en aanbidding van die vergadering. Dit was baie lekker om jul Braford kudde te besoek en ons as Braford Telers is trots om jul ons kollegas te kan noem.

Jul kudde is voorwaar voortreflik en dit was lekker om vir die eerste keer in jul wêreld te vergader.



Die **Algemene Jaarvergadering, 2011** word beplan in Namibië teen einde April. Mnr Harro Kebbel, Braford Boer in Namibië sal die nodige reëlings tref en u behoort die inligting te ontvang teen einde 2010.



Hou die webblad dop.!

## Namibië—Jong boer van die jaar!!! “Respekteer jou voorreg om te kan boer”

### Harro vertel hoe hy dinge doen:

“Dit wat ek op my plaas doen, is nie rocket science nie. Baie boere, boer groter terwyl baie jong boere glo jy moet 'n klomp bedrywe he soos veeboerdery plus akkerbou en bv. Perdeteling ook om vir die toekenning van Jong Boer van die Jaar in aanmerking te kom. Ek boer net met beeste—'n kommersiële kudde en twee stoetkuddes. Ek moedig jong boere daarom aan om aan hierdie kompetisie deel te neem. Dit is leersaam en gee jou nuwe idees tydens die beoordelingsessie”

Harro Kebbel, die NLU en Mutual & Federal se 2009 Jong Boer van die Jaar het aan die hand van 'n Powerpoint-aanbidding sy boerderybedrywighede geskets en gesê sy sukses lê in sy passie vir Boerdery, 'n positiewe ingesteldheid, kennis van hulpbronne en respek daarvoor.

Hy boer op 2 plase en 'n huurplaas, Neu-Osire. Sy woonplaas, Okawitumbika (6 000 ha) bestaan uit 33 kampe, 7 poste wat met 'n 14km lange pypleiding verbind is en 'n boorgat by die huis met 'n opgaartenk van 300 kubieke meter water. Die ander plaas, Prodeo (4 000 ha), is opgedeel in 18 kampe van sowat 250 ha, en die ses poste word bedien deur drie boorgate met windpompe. Hy vertel dat hy in die droë maande elke 2 weke sy bees skuif en in die reëntyd weekliks. Voldonede kos vir sy diere le hom na aan die hart. Hy het reeds sowat 1200 ha ontbos. Terselfdertyd het hy aangeplante weiding (bloubuffel) op 100 ha gevestig en nog 8 ha is onder akkerbone vir eie gebruik. Die 1.5 ha lusern onder besproeiing lewer jaarliks gemiddeld sowat 1000 bale, terwyl hy jaarliks sowat 50 ha se gras vir eie gebruik sny wat sowat 1500 bale lewer.

**Produksie:** Harro se 2 stoetkuddes bestaan uit 120 Herefords en 150 Brafords. Dan bedryf hy ook 'n Kommersiële beeskudde van 600 diere. Vir goeie beheer of prestasietoetsing loop Harro se stoetbulle, melkkoeie, Fase D-bulle, skoubeeste en KI-koeie naby die huis. “Ek maak net van een dekseisoen gebruik—vanaf Maart tot Mei. Die verhouding is dertig koeie per bul. Verse word 'n maand vroeër by die bulle gesit. Elke koeikudde word daagliks tydens kalwing gemonitor. Kallers word op 7 mnde gespeen en die gemiddelde speenmassa is 230kg.” Vir lekaanvulling in die somer gebruik Harro, Voormeester se Futerfos en sout en in die winter Voormeester se Beesmix 4:1:5. “My doelwit is om produksie te optimaliseer in plaas daarvan om verder te diversifiseer.”



**Stoetteling:** Harro het op sy opedag vertel dat hy besig is om sy Braford-Stoet groter te maak vanweë die goeie vraag daarna.

Hy is tot dusver die enigste gevestigde Braford-teler in Namibië en verhoog nou die Brahman-aandeel in die stoet d.m.v. semen wat hy uit Australië invoer en Herefordverse wat hy met Brahmanbulle kruis. In S.A. is die Braford, 5/8 Hereford en 3/8 Brahman. Vir Namibië se harder, ekstensiewe toestande beoog hy 'n 50:50 verhouding. Hy doen ook elke jaar 'n fase D-toets wat oor 90 dae strek op uitsoek bulle wat 1% van hul liggaamsmassa gevoer word met chop, peule, lusern, HPK 30 en melasse.

Handdekking en KI (sowat 20% van elke kudde) word op stoetkoeie gedoen. Vir prestasietoetsing gebruik hy die Breedplan-stelsel. Beeste word op 200, 400 en 600 dae geweeg en vervangingsverse word volgens geraamde teelwaardes en gewig uitgesoek. Bulle word op 27mnde gekeur en op sowat 30 mnde verkoop. Harro besoek S.A. gereeld om jaarvergaderings by te woon en bulle te koop.



*Congratulations!*

"BEEF UP WITH



BRAFORDS"

Z4T BUL KUIER LEK-  
KER BY HARRO



**Kommersiële Kudde:** Aanvanklik het Harro se pa, Harald, kruisteling met die Hereford en die Brahman gedoen. Later het Harro skoon Braford-bulle wat uit KI geteel is, gebruik en 2 jaar gelede het hy die Simbra ingebring vir kruisteling met die Braford om bourvorm en melk te verbeter—leemtes wat deur geraamde teelwaardes uitgewys is.

Die Braford-eienskappe van vroegryp, hoë vrugbaarheid en maklike kalwing bly behoue. Volgens Harro word 15% van die koeikudde jaarliks met verse vervang. Hy bemark jaarliks sowat 30 speenkalwers op veilings en die res word grootgemaak om as slagosse op tussen 24 en 30mnde by Meatco bemark te word. Die gemiddelde uitslaggewig is 260kg. Nie-dragtige koeie word uitgeskot en geen verdere kanse gegee nie. Harro se kalpersentasie staan op 90% en die speennpersentasie op 83%.

## Junior Braford Telers loop met louere weg. David Nowlan—Weston.

### THE ROYAL AGRICULTURAL SOCIETY OF NATAL

2010 ROYAL SHOW—28 MAY TO 6 JUNE

#### PRESS RELEASE—CARCASS COMPETITION AND AUCTION

The Royal Show auction and **carcass competition** took place in the Sheep Expo section at the Royal Showground's on Wednesday evening, 2 June.

The occasion—often referred to as the premier red meat event in S.A.—was attended by 200 breeders and buyers, as well as a consequential press contingent.

**The champion carcass, a Braford**, was bred by Weston Agricultural College of Mooi Rivier and achieved a SAMIC score of 98,11. The buyer was Butcher Boys restaurant at a price of R50 per kg.



Well done David. The S.A. Braford Society is very proud of you!!!!


*Congratulations!*



[www.royalshow.co.za](http://www.royalshow.co.za)




## Beefbreeding in South Africa: 2nd Edition: Die Braford en ander Rasse.



Bestel gerus die nuwe uitgawe van hierdie boek soos uitgegee deur Prof. Michiel M Scholtz van die ARC.LNR [www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za) Of volg ons webblad vir die nodig skakel. Waardevolle artikels soos: Understanding beef breeding, Advances in breeding technologies ens is hierin gepubliseer.

SA BRAFORD		
HERDS AND FEMALES IN SOCIETY		
Year	Herds in Society	Females in Society
1997	8	800
1998	16	1 600
1999	17	1 617
2000	18	1 700
2001	18	1 700
2002	17	1 600
2003	17	1 600
2004	21	2 100
2005	21	2 100
2006	21	2 100
2007	21	2 100
2008	21	2 100
2009	21	2 100
2010	21	2 100
2011	21	2 100
2012	21	2 100
2013	21	2 100
2014	21	2 100
2015	21	2 100
2016	21	2 100
2017	21	2 100
2018	21	2 100
2019	21	2 100
2020	21	2 100
2021	21	2 100
2022	21	2 100
2023	21	2 100
2024	21	2 100
2025	21	2 100
2026	21	2 100
2027	21	2 100
2028	21	2 100
2029	21	2 100
2030	21	2 100

**PERFORMANCE OF THE SA BRAFORD**  
The S.A. Braford is still a breed that is being developed in South Africa and significant upgrading occurred over the last number of years. This resulted in large numbers of first acceptance animals taken up in the herd book, without knowledge of their production performance. It is also well known that farmers can have a significant effect on performance and that upgrades in herd genetics will increase the variability in performance and thus times that the breed is established.  
The current performance results are thus not a true reflection of the breed and the S.A. Braford Breeder Society has therefore requested that the performance results of the breed should not be reported.



## S.A. Braford Blub ANALISE

**Blup analise** is voltooi en die resultate word tans deur die Breedplan personeel nagegaan en voorberei vir die Telers. Baie dankie aan al ons Telers vir jul deelname en data ontvang. Die resultate behoort binne die volgende week beskikbaar te wees op die website en dan kort daarna in verslag vorm, wat aan u uitgepos sal word. Die resultaat sluit in: **Kuddeverslae, Vaaropsommings** ens. Soos jul sal opmerk, word die syfers vir die Braford ras in geheel, jaarliks in verskeie vorme gepubliseer. U word dus versoek om soveel moontlik inligting, so getrou moontlik na die kantoor in te stuur. Baie dankie vir u samewerking in die verband. Die Braford Genootskap bedank ook graag vir Mnr Johan Olivier en die kantoor vir hul ondersteuning met die verwerking van die Braford Inligting.



Sien die braford webblad vir nodig weegvorms en aanmeldings. [Www.braford.org](http://Www.braford.org)

## Braford ADMIN sake:

Die voorstel om 'n boete van R100.00 te hef op die **herinstel** van diere op die Breedplan sisteem is goedgekeur. Dit is van toepassing op diere wat gekanseleer word deur die Teler en dan later weer aktief wil laat verklaar. Die meeste Telersegenootskappe het so 'n stelsel geïmplimenteer om die administratiewe kostes hieraan verbonde te kan delg.

Indien u beplan om **nuwe diere** op die stelsel te bring. Onthou a.s.b. om die volgende dokumentasie gereed te hou, wanneer die dier die dag met inspeksie gekeur word. **EERSTE AANVAARDINGS DO-KUMENT.** (Kan van die kantoor verkry word) Geen diere sal deur die keurders, gekeur word indien u nie in besit van sg. dokument is nie.

Die **rekening** van die kantoor vir 2010 is reeds uitgestuur en ons vertrou op u samewerking om die rekening so gou moontlik te vereffen. Indien u probleme ondervind, skakel gerus vir Sonja by die Brahman/Braford kantoor vir verdere inligting.



## Braford Keuring en Keurders kursusse:

Die laaste keurderskursusse het baie goed verloop en die Braford Ras maak nou gebruik van 3 senior keurders. Mnr Stefan van Wyk is natuurlik nog ons Senior Keurder en u is welkom om hom soos gewoonlik te gebruik. Baie geluk aan Mnr Wessel Wessels en Stiaan von Wielligh met hul nuwe status as Senior Keurders. U as teller is welkom om die webblad te nader vir kontak nommers van al ons keurders en hul dan te nader vir keuring. Die lys van Junior Keurders volg hieronder. Indien u keuring aanvra, neem a.s.b. in ag, dat die junior keurders in samewerking met die senior keurders, 3 keurings moet voltooi vir hul die senior kursus kan aflê. Ons vertrou op u samewerking in die verband.

### Junior Keurders soos gekwalifiseer:

**Charl Joubert, Gert Oosthuizen, Ignus Van Niekerk, Charles Hodsdon,**

**Carl Thiele (Paul Pietersburg),**

**Pieter Schulenburg (Pietersburg) , Carl de Jager (Natal),**

**Charl van der Riet (Vrystaat– Ficksburg), Andries Gunter (Vrystaat—Frankfort)**

**Kontakbesonderhede sal op die Webblad beskikbaar wees.**

## Ermelo Veiling:

28 Julie word die **Bulveiling op Ermelo** gehuisves.

Daar word 23 Brafords uit die top Braford kuddes aangebied.

Ons nou julle vriendelik uit om die veiling te ondersteun.

Die veiling word voorafgegaan deur 'n Dinee, aangebied deur Vleissentraal en Ermelo Besigheids Assosiasie.

'n Braford Skildery, gebaseer op die samestelling hier regs, word tydens die geleentheid opgeveil vir liefdadigheid.

'n Woord van dank aan Mev. Tina Swart, die kunstenaar, wat die skildery namens die Brafords geskilder het.

Die skildery weerspieël ons nuwe bemerkingsbeleid, met die idee: **"Beef up with Brafords"**

**Mooier as dit—kry jy nie maklik nie!!!!**



## Braford Kommersiële Basis:

Die Raad in oorleg met Mnr Johan Olivier en Stefan Van Wyk is huidiglik besig om die moontlikheid van 'n Kommersiële basis daar te stel,, waar kommersiële diere dan aangeteken kan word. Ons hou u graag op hoogte van verloop van sake en versoek u dus om u data gereed te hou indien u in die toekoms die diere sal wil aanteken. Die kostes verbonde aan so 'n stelsel behoort minder te wees as die jaarlikse koste aan registrasie van stoetdiere. Hou die webblad en die nuusbriewe dop vir verdere inligting.

Baie dankie aan die Braford Bemerkingskomitee (Carl Thiele en Carien Storm) vir die pragtige Braford Brosjure se ontwerp en publikasie. Die brosjure verteenwoordig die nuwe beeld of projeksie van die Braford Ras in Suid-Afrika.

**Vrugbaarheid, Aanpasbaarheid en Doeltreffend**, is die kern of basis waarop ons die moderne Ras in die toekoms gaan bemark. Die kleurskakerings en uitleg verteenwoordig 'n nuwe era van nuwe denke en sukses. Baie dankie vir julle goeie insette en harde werk.

Die Brosjure is beskikbaar by die kantoor. Indien u eksemplare benodig, om uit te deel tydens u veiling, tree a.s.b. in kontak met Charlotte of Carien. Stickers met die Braford Logo is ook beskikbaar vir u voertuie.

## Bemerkingsverslag: 2010

Die Bemerkingskomitee (Carl Thiele en Carien Storm) het besluit om die Braford as 'n handelsmerk te vestig deur die bewustheid van die Braford en sy uitstekende kwaliteite in die mark te skep, asook die afsetpunte (veilings) wyd te adverteer om sodoende die Braford as 'n Beesras van keuse te vestig en daardeur verkope aan te moedig.



### Die volgende Bemerkings inisiatiewe is beplan vir die jaar :

'n Artikel en advertensie in die LNR se joernaal oor alle Beesrasse in S.A. 'n Glansbrochure: Die brochure bevat die eienskappe van die Braford, die kalender en kontakbesonderhede van Telers.

Tesame met voorgenoemde publikasie is daar gepoog om 'n nuwe voorkoms vir die Braford se promosie materiaal te skep met helder kleure en eenvoudige maar treffende inhoud. Hierdie resep word dan ook gevolg in alle ander advertensie en promosie materiaal wat deur die jaar gebruik sal word.

Die Braford se eerste advertensies in die Landbou Weekblad en Farmer's Weekly het reeds verskyn. Hierdie advertensies bevat al die veilings datums vir die jaar.

'n Verdere 6 advertensies volg deur die loop van die jaar. Advertensies in ProAgri tydskrif en ook 'n halfblad artikel oor die Braford is in proses.


Advertensies op RSG, radio stasie waar die Braford, die Landbou program geborg het en sodoende probeer het om 'n wyer teiken mark te bereik, is voor Nampo uitgesaai.

Daar is ook lisensie plakkers laat druk wat uitgegee is by NAMPO. Na afloop van NAMPO is daar in die Volksblad koerant se 'NAMPO fokus' 'n klein advertensie geplaas.

Ons nooi alle telers om in die toekoms van die advertensie geleentheid gebruik te maak en versoek ook dat alle telers foto's van beeste stuur wat vir bemerking en promosie doeleindes gebruik kan word.

## Braford Raad: 2010

**President:** Mnr. Wessel Wessels



**Visie-President:**

Mev. Charlotte Schuite

**Raadslede Tegnie:**

Mnr. Pieter Schulenburg

Mnr P.J. Budler.

**Raadslid Bemerking:**

Mnr. Carl Thiele

**Raadslid-Gekoöpteerd**

Mev. Carien Storm

# AgriTrader

**bereik 60 000 boere landswyd**

Die ProAgri is 'n landboutegniese tydskrif wat spesialiseer in promosie-artikels en die AgriTrader hanteer geklassifiseerde advertensies wat veilings van diere en die koop en verkoop van trekkers en implemente insluit.

Provinsie	Eksemplare	Dorpe
Gauteng	2 160	19
Mpumalanga	5 780	64
Kwazulu-Natal	4 670	64
Limpopo	4 950	49
Noord-Kaap	7 080	62
Noordwes	7 980	39
Oos-Kaap	5 450	75
Vrystaat	9 310	63
Wes-Kaap	9 210	84
<b>Totaal</b>	<b>56 590</b>	<b>519</b>

**Nou ook by uitgesoekte landbou-besighede beskikbaar**

- Bloemfontein 500
- Hartswater 200
- Magaliesburg 100
- Wonderboom 100
- Brits 300
- Rustenburg 100
- Skuinsdrif 50
- Dwaalboom 100
- Northam 50
- Koedoeskop 100
- Thabazimbi 200
- Vaalwater 200
- Naboomspruit 100
- Potgietersrus 200
- Marble Hall 100
- Grobiersdal 100
- Lydenburg 150
- Ellisras 200
- Alma 100

Die sirkulasiesyfers van die Proagri/AgriTrader word bevestig deur die audit bureau of circulation (abc) wat dit volgens die hoogste beroepsnorme auditeer.

**AgriTrader word ook nou in die Obaro-takke versprei**

*Kontak:*  
**Stefan van Wyk**  
 Sel: 082-381-7563  
 E-pos: stefan@agritrader.co.za  
 Tel/faks: 051-446-0789

Kontakbesonderhede vir Raadslede is beskikbaar op die webblad by [www.braford.org.za](http://www.braford.org.za)



## Brafords kuier weer op Nampo!

Nampo 2010 was weereens 'n groot sukses. Die Stalle'tjie was modern, die beste die beste en die geselskap lekker. Baie dankie aan al die manne wat so hard gewerk het met die oprigting, bemanning en oppak van ons uitstalling. Dankie ook aan Mnr Jaco Storm, Carien, Andries en Amos wat die diere so mooi afgerond en voorberei het vir Nampo. Die Braford bul uit die Z4T kudde, die koei uit Heelbo Kudde, nou die eiendom van Mnr Jaco Storm is topgehalte Brafords. Die kalf is geteel deur Stormboerdery uit Australiase genetika. Voorwaar 'n mooi kombinasie van Brafords.

Names die Raad, bedank ons graag al die lede vir hul besoeke en bydrae tot die sukses.

### "Brafords Bou Bates"



## S.A. Braford slaag die toets loshande: Vleisproduksie

Prestasie in 'n kommersiële kudde is die finale toets om te bepaal of 'n stoevleisbees sy sout verdien. As 'n kommersiële vleisboer sō beïndruk is met die prestasie van 'n spesifieke ras se bulle dat hy besluit om self 'n stoetery te begin, sē dit nogal iets.

Naby Vryheid in Natal, op 'n plaas met die naam Golden Valley, bestuur **Gustav Hinze** 'n bekende veearts, dr Thomas Volker, se SA Braford-stoet. Die stoet se naam, RTS Brafords, is afgelei van dr. Volker se drielingseuns se voorletters. Die stoet is in 2008 geregistreer, nadat ingekoopte Brafordbulle vir Gustav en dr. Volker van die ras se produksievermoë oortuig het.

Op die plaas word 'n suksesvolle varkboerdery met 'n teeleenheid van 400 sōe bedryf. Van 1998 af is daar 'n paar kruisverse ingekoop om die weiding op die plaas te benut. In 2002 is egter besluit dat die beesboerdery lonend kan wees en 'n hele paar rasse is oorweeg.

Die saak is wetenskaplik benader.

Gustav sē: "Van die begin af het ons na die volgende eienskappe gekyk: Vrugaarheid, gehardheid, goeie karkas en temperament. Ons het verwag dat die kalf op minstens 50% van die ma se gewig sal speen."

Die Braford-bulle wat van die Thiele-stoetery af ingekoop is, het bewys dat hierdie doelwitte haalbaar is.

Vrugaarheid is een van SA Braford se sterkste eienskappe en op Golden Valley word 'n streng seleksieprogram gehandhaaf.

Elke koei moet elke jaar dragtig wees, anders word sy uitgeskot. Die gemiddelde tussenkalfperiode vir die stoet is 363 dae.

Nie te ver, van Golden Valley af nie, teen die grens van Swaziland, boer **Ralf Rodewald** op sy plaas, Goedehoop. Sy pa het toentertyd met Brahmane en Simmentalers geboer, maar na die aankoop van 'n paar Brafordbulle, het hulle gou agtergekom dit werk. Met die Brafordbloed het hulle speenkalwers geproduseer wat, sonder om gepamperlang te word, 10 tot 15% swaarder weeg.

Ralf vertel: "Jy moet weet ons praat hier van suurveld en daar is nie mieliereste nie; die kalwers word van die veld af bemark."

### In raampie:

Die SA Braford is uit die Hereford en die Brahman ontwikkel. Die Hereford is onder meer om die volgende redes gekies:

Dit is getallegewys een van die grootste vleisbeesrasse in die wêreld, sowel in ekstensiewe as voerkraaltoestande. Eienskappe soos vrugaarheid en vleisgehalte is wêreldwyd sinoniem met die ras.

Voeg hierby die uitstaande moedereienskappe van die Brahman en die resultaat is 'n dier met uitsonderlike eienskappe.

**Deur: Annemarie Joubert**



S.A. BRAFORD Society

Adres: Privaatsak x12, Brandhof, 9324

Phone: 051-448 0603

Fax: 051-430 4277

We're on the Web:  
www.braford.org.za  
E-mail:  
info@braford.org.za

## ALDAM STOCKMAN SCHOOL 2010

The Stockman School is a first for South Africa. Leading national and international speakers discuss the very latest production techniques, market trends, management systems and the latest research to produce better and more efficient cattle. Carefully selected slaughter oxen are assessed to give a thorough grounding in how to assess their suitability and potential for markets. These oxen are slaughtered and the carcasses evaluated. This "hands-on" practical school also has a thorough session on breeding and selection of bulls.

The school, follows a similar format to other Stockmans' schools successfully run in five other countries in the world. Bookings close Monday 30 August 2010

WHEN? 12-15 OCTOBER 2010

email: palberts@telkomsa.net

## Breedplan/Landbouweekblad Kompetisie 2010

Sluitingsdatum vir die Breedplan Kompetisie is **27 Augustus 2010**. Inskrywingsvorme kan verkry word vanaf die Breedplan webblad of vanaf Charlotte Schuite. Die evaluasie geskied hoofsaaklik uit inligting verkry op die Breedplan sisteem. Die Kompetisie is ongelooflik leersaam en die Teler kan groot baat daarby vind. Kontant pryse vir die Wenner in elke kategorie is beskikbaar en die blootstelling in die Landbouweekblad en Farmers Weekly is van onskatbare waarde. Indien u belangstel in meer inligting is u welkom om Marita du Toit by die Herdmaster kantoor te skakel: 012-6675258. Kommersiële boere het ook 'n geleentheid om deel te neem in verskeie kategorieë. Inskrywingsvorme beskikbaar by <http://www.agribsa.co.za> Epos: [admin@agribsa.co.za](mailto:admin@agribsa.co.za)

## Brafords Veilings en Ander Gebeure:

Ons wens al die Braford Telers wat veilings huisves oor die volgende 6 maande alle sukses toe. Raadpleeg a.s.b. die nuuste Braford Brosjyre of die Braford Webtuiste vir die opkomende Veilingdatums. Indien u veiling nog nie op die Kalender verskyn nie, is u welkom om die nodige inligting aan Welma, Charlotte of Carien te stuur. Onthou ook a.s.b. om die uitslae na die veiling in te stuur vir publikasie op die Webblad en Nuusbrieff.

### Julie

- 13 Thiele Estates Inligtingsdag/Boerdag
- 28 Ermelo Bulveiling

### Augustus


- 5 "Best of Both" Bull Sale (Bonhaven Tarkastad)
- 12 Heelbo Boerdery Bulbesigtiging en Verkope
- 19 Vrede Veldbul Inligtingsdag

### September

- 2 Vrede Veldbul veiling
- 15 Sanniesguns - Braford Veiling
- 16 Z4T Braford Bulveiling 12h00
- 29 Vryheid Bulveiling

### Oktober

- 6 Namibie - Harro Kebbel - Hochfeld
- 13 tot 15 Aldam Vleisbeesproduksie Skool (Breedplan)



Saamgestel: Charlotte Schuite:

heelbofarms@mweb.co.za

Tel: 082-5739377